

Les 35

Teks: Johannes 17: 1 - 26

1. Inleiding

Vandag fokus ons op een van die opgetekende gebede van Christus. Want ons ons mooi kyk strek die eie woorde van Jesus vanaf die middel van vers 1 tot vers 26. Alhoewel nie baie gebede deur Christus vir ons opgeteken is, kan ons nie aanvaar dat Hy nie gereeld gebid het nie. Soos ons alreeds gesê het, fokus elke evangelie skrywer op dit wat die Gees op Sy hart lê. Die gebed waarna ons vandag kyk is getiteld die gebed van Jesus vir Sy dissipels. Daar is ook al dikwels daarna verwys as die hoëpriesterlike gebed van die Here.

2. Eienskappe van hierdie gebed

Wat uniek is aan hierdie gebed, rus nie op die vorm of op die literêre ooreenkomste nie, maar op Hom wat dit aanbied, en wanneer. Hy is die vleesgeworde Seun van God, en hy keer terug na sy Vader deur 'n desperate skandelige en pynlike dood. Hy bid dat die koers waarop hy begin, sy Vader eer sal bring en dat sy volgelinge, as gevolg van sy eie dood en verhoging, bewaar sal word van die bose en vir die onskatbare voorreg om Jesus se heerlikheid die hele tyd te sien in hul eie verhouding en die liefde wat die Vader en die Seun openbaar, na te boots.

In sommige opsigte is die gebed 'n samevatting van die hele vierde evangelie tot hiertoe. Die belangrikste temas daarvan sluit in Jesus se gehoorsaamheid aan sy Vader, die verheerliking van sy Vader deur sy dood / verhoging, die openbaring van God in Christus Jesus, die keuse van die dissipels uit die wêreld, hul sending na die wêreld, hul eenheid geskoei op die eenheid van die Vader en die Seun, en hul finale bestemming in die teenwoordigheid van die Vader en die Seun

3. Docetisme

In die geskiedenis van die Christendom is docetisme die heterodokse leer dat die verskynsel van Jesus, sy historiese en liggaamlike bestaan, en bowenal die menslike vorm van Jesus, bloot 'n skyn was sonder enige werklike werklikheid. Dit is dan veral Johannes 17 wat sekere akademici bring tot die idee dat Johannes se Christologie nie net doceties is nie, maar ook dat Johannes geen teologie oor Jesus se dood bevat nie.

Eenvoudig kan ons dit stel dat hoofstuk 17 en dan veral die kommunikasie deur middel van gebed net 'n skynwerklikheid is. Dit word gebaseer op die feit dat geen aardse mens hierdie tipe kommunikasie met die Vader kan hê nie. En natuurlik voor Christus ons middelaar vir ons versoening gedoen het, kon niemand so direk met die Vader kommunikeer nie. Daar waar offers, priesters en profete in plek vir hierdie doel.

4. Gebede in die evangelies

As ons verder na gebede in die evangelies kyk, dan sien ons die volgende. Die sinoptiese evangelies noem gereeld dat Jesus gereeld gebid het. Maar die inhoud van hierdie gebede word nie weergegee nie. Ons is slegs bekend met die woorde van Jesus se voorbeeld gebed, naamlik die Onse Vader en natuurlik die gebede in Getsemane.

In die Johannes evangelie kry ons ook nog 'n ander gebed. Dit is die gebed by die graf van Lazarus se graf in hoofstuk 11: 41 - 42. Ons weet dat daardie gebed vir die voordeel van die mense daar teenwoordig was. Net so sien ons ook gebede in Johannes 12: 27 - 28 wat ook tot voordeel van die mense daar teenwoordig was. Hier voordeel van die mense daar teenwoordig, kan natuurlik ook bespeur word in Hoofstuk 17.

5. Uitbreiding op die Getsemane of ander gebed.

Daar is ook 'n siening dat hoofstuk 17 'n blote 'n uitbreiding op die “verheerlik U Naam” uit die Johannes 12 gebed is, of selfs 'n uitbreiding op die gebed in Getsemane voor die kruisiging. Maar indien hierdie benadering gevolg word, voel dit of asof Christus net 2 twee keer gebed het tydens sy tyd hier op aarde. Hierdie idee ruim net eenvoudig nie met ander gedeeltes wat dit tog duidelik maak dat Christus gereeld gebed het.

6. Vrae

1. Wat is die rede agter opgetekende gebede in die Woord?
2. Wat is die sentrale tema in die gebed in Johannes 17?
3. Wat openbaar gebede van die menswees en geloofslewe van Christus?
4. Beoordeel die idee van 'n Sondaar' s gebed in die lig van Johannes 17?
5. Watter praktiese toepassing kan ons vandag maak uit Johannes 17?

7. Bronne

Carson, D. A. (1991). [*The Gospel according to John*](#) . Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.